kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandgnel@outlook.com

Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.

Tema: Nietigheid en Grootsheid. Wat is die mens dan?

Skriflesing: Psalm 8

Broodjies vir die pad

"Human beings do not live forever, Reuven. We live less than the time it takes to blink an eye, if we measure our lives against eternity. So it may be asked what value is there to a human life. There is so much pain in the world. What does it mean to have to suffer so much if our lives are nothing more than the blink of an eye?
I learned a long time ago, Reuven, that a blink of an eye in itself is nothing. But the eye that blinks, that is something. A span of life is nothing. But the man who lives that span, he is something. He can fill that tiny span with meaning, so its quality is immeasurable though its quantity may be insignificant. Do you understand what I am saying? A man must fill his life with meaning, meaning is not automatically given to life.
It is hard work to fill one's life with meaning. That I do not think you understand yet. A life filled with meaning is worthy of rest. I want to be worthy of rest when I am no longer here."
— Chaim Potok, The Chosen

"The significance is hiding in the insignificant. Appreciate everything."
— Eckhart Tolle

"Lord, when I feel that what I'm doing is insignificant and unimportant, help me to remember that everything I do is significant and important in your eyes, because you love me and you put me here, and no one else can do what I am doing in exactly the way I do it."
— Brennan Manning, Souvenirs of Solitude: Finding Rest in Abba's Embrace

"The size and age of the Cosmos are beyond ordinary human understanding. Lost somewhere between immensity and eternity is our tiny planetary home. In a cosmic perspective, most human concerns seem insignificant, even petty. And yet our species is young and curious and brave and shows much promise. In the last few millennia we have made the most astonishing and unexpected discoveries about the Cosmos and our place within it, explorations that are exhilarating to consider. They remind us that humans have evolved to wonder, that understanding is a joy, that knowledge is prerequisite to survival. I believe our future depends on how well we know this Cosmos in which we float like a mote of dust in the morning sky."
— Carl Sagan, Cosmos

Hoe stil kan dit word as Sedoos gaan lê
wie kan dit mooier assie tortel sê
wie roerender as die bladstil bome
assie skewe verwaaide damwalbome
innie stilvroemôre as Sedoos gaan lê
hoe om 'n stilte in die hart te vind
genadig soos wanneer Sedoos gaan lê.

Boerneef

"Sedoos" is die Kaapse benaming vir die berugte suidoostewind wat in die somermaande dikwels stormsterkte bereik. Die natuur kom tot rus wanner die Suidoos homself oornag uitgewoed het, maar die spreker in die vers smag nog na genadige "stilte in die hart". Die storm duur dus nog voort in sy gemoed. Dit is 'n tipiese stylmiddel uit die Romantiese digkuns: die natuur in simpatie of antipatie met die digter se gevoelens.

https://versindaba.co.za/2021/09/27/daniel-hugo-boerneef-en-die-nederlandse-digkuns/

Die sterretjie

Vonkel, sterretjie, vonkel,
Hoog in die lug so blou!
Kort is die dag, en lank is die nag;
Dood is jou skyn eer die son jou verwag:
Snel sal jou glans in die môre verflou –
Vonkel, sterretjie, vonkel!

Vonkel, sterretjie, vonkel,
Hoog in die lug so hoog!
Engele daar kan jy byna gewaar,
Onder die wolke die hemelse skaar,
Elk met jou silwerwit skit'rende oog –
Vonkel, sterretjie, vonkel!

Vonkel, sterretjie, vonkel!
Lag in die lug daar bo!
Hier is dit sleg, want die dag is mos weg;
Oor al die veld het die nag hom geheg,
Tot as jy skyn – ja, dan kan 'n mens glo –
Vonkel, sterretjie, vonkel!

Vonkel, sterretjie, vonkel,
Bo in die lug so blou!
Kort is die nag, en lank is die dag,
Hier, waar ons lewe en pligte verwag,
Lig van die son, maar tog swart van die rou –
Vonkel, sterretjie, vonkel!

C. Louis Leipoldt

"The person with a secular mentality feels himself to be the center of the universe. Yet he is likely to suffer from a sense of meaninglessness and insignificance because he knows he's but one human among five billion others - all feeling themselves to be the center of things - scratching out an existence on the surface of a medium-sized planet circling a small star among countless stars in a galaxy lost among countless galaxies. The person with the sacred mentality, on the other hand, does not feel herself to be the center of the universe. She considers the Center to be elsewhere and other. Yet she is unlikely to feel lost or insignificant precisely

because she draws her significance and meaning from her relationship, her connection, with that center, that Other." — M. Scott Peck, A World Waiting to Be Born: Civility Rediscovered

"We discover that we are at the same time very insignificant and very important, because each of our actions is preparing the humanity of tomorrow; it is a tiny contribution to the construction of the huge and glorious final humanity" — Jean Vanier, Community And Growth

Poësie en landkuns kom op Stellenbosch byeen

Laetitia Pople

Poësie en landkuns komplementeer mekaar op natuurlike wyse en kom nou saam in 'n besonderse openbare tentoonstelling vroeg in Oktober op Stellenbosch.

Van 1 tot 10 Oktober kan inwoners en besoekers aan dié Bolandse dorp hulle in agt nuwe landkunswerke van die voorste plaaslike kunstenaars oral in die dorp verlustig.

Plekke waar dit onder meer aangebring word, sluit in die Jan Marais-reservaat, die kampus, Markstraat, Rynevelstraat, langs die Dwarsrivier by Kylemore en by die Tegnopark.

Net drie van die werke gaan 'n vaste tuiste op die geskiedkundige dorp kry.

Poetic is deur die landkunstenaar en kurator Strijdom van der Merwe saamgestel en is 'n voortgesette projek van die Stellenbosch Outdoor Sculpture Trust (Sost) wat sedert 2012 jaarliks beelde in die dorp oprig. Die trust glo dat kuns daar is vir almal om te geniet en dat dit nie net vir mense beskore is wat museums en galerye besoek nie. Van der Merwe beaam dit en sê landkuns is "kuns wat van die galeryruimte bevry is en met al die sintuie beleef kan word".

"Dit is werk waarvan die waarde in die sielkundige aspek lê en nie in die markwaarde nie," sê hy in 'n verklaring.

Die digkuns is ter ondersteuning van die bod gekies sodat Unesco Stellenbosch as Afrikaanse dorp van letterkunde kan verklaar.

Die beelde lok jaarliks besoekers en dra tot die plaaslike ekonomie by. Sost het ook verlede jaar die eerste Stellenbosch Triënnale aangebied, wat die dorp al hoe meer as baken vir eietydse kuns vestig.

Volgens Andi Norton van Sost, direkteur van die projek, is openbare kuns belangrik omdat dit dialoog en debat aanmoedig asook mense se nuuskierigheid en verbeelding prikkel. Waar daar die afgelope paar jaar beelde opgerig is, gaan daar vanjaar landkuns op spesifieke plekke aangebring word.

Die agt kunstenaars, wat elk 'n gedig as inspirasie vir hul werk gekies het of sommer self 'n gedig geskryf het, wissel tussen welbekende name en opkomende kunstenaars. Beelde van Van der Merwe, Hannelie Coetzee, Gordon Froud, Anni Snyman, PC Janse van Rensburg, Andrew Hofmeyr, Cow Mash, Paballo Majela en Sandile Radebe word eersdaags opgerig.

Majela se installasie, waarin hy die migrasie in 600 AD van sy Makholokoe-voorvaders huldig, bly op die kampus van die Universiteit Stellenbosch en vorm deel van die vaste *Visual Redress*-projek, Coetzee se werk bly staan as deel van die Droomstroom-kunsroete langs die Dwarsrivier in Kylemore en Radebe se werk skop nes in die tuine van die Stellenbosch Ontwerp-akademie in Tegnopark.

Norton sê die kunstenaars is so gekies dat hulle met 'n vars oog na Stellenbosch en die omgewing kyk. Buiten Van der Merwe is geeneen van hulle van die Wes-Kaap nie.

"Die opkomende kunstenaars is nie landkunstenaars nie, maar kan hul werk maklik in landkuns vertaal. Al drie (Mash, Majela en Radebe) vertel baie persoonlike stories van hul herkoms."

Coetzee, bekend om haar grootskaalse installasies in Gauteng, het 'n rap-liedjie van haar gunstelinggroep, Bittereinder gebruik. Dit is spesiaal vir die werk geskryf. Sy rig 'n klipbeeld op, geskep uit klip wat op die plaas voorkom. Daarop word 'n lopende figuur gegrafeer. Dit sal die eerste kunswerk op die Droomstroom-kunsroete wees.

Van der Merwe se werk "Catching the wind" bestaan uit 34 blare wat hy uit bamboes, gesny op Stellenbosch, geskep het. Dit is aangebring by Jannaschstraat aan die begin van die Koloniesland-staproete.

https://www.netwerk24.com/Vermaak/Kuns/poesie-en-landkuns-kom-op-stellenbosch-byeen-20210920

Brood vir die pad

Tradisie? Wie se tradisie praat ons dan van?

RRV

In sy boek *The Vindication of Tradition* (1985) vertel die historikus en teoloog Jaroslav Pelikan van 'n keer wat 'n dosent 'n groep studente berispe het vir hul gebrek aan 'n gevoel vir tradisie. "Julle dink," het hy gesê, "dat die geskiedenis van musiek met Bob Dylan begin." Waarop die studente gereageer het: "Bob wie?"

Dié anekdote weerspieël iets van baie se aanvoeling dat daar 'n groeiende ongeërgdheid jeens die verlede is, 'n soort historiese vergeetagtigheid wat nie genoegsaam erns met tradisie maak nie. Enige pleidooi vir die herwaardering van tradisie moet egter ook rekening hou met dié begrip se bagasie. In die naam van tradisie – ook op kulturele en godsdienstige gebied – word dikwels stelsels van onderdrukking en onreg in stand gehou.

Vir sommige dui tradisie verder daarop dat ons bloot dink en doen soos wat daar in die verlede gedink en gedoen is. Getrouheid aan die tradisie behels hiervolgens gewoon die klakkelose herhaling en nabootsing van gister se antwoorde en gebruike. Die probleem hiermee is dat daar nie ruimte vir vernuwing en hervorming is nie. Met as resultaat 'n benouende tradisionalisme wat maak dat ons nooit die oorgelewerde tradisie as óns tradisie toeëien nie. Soos Pelikan dit in 'n dikwels aangehaalde uitspraak verwoord: "Tradisie is die lewende geloof van die dooies; tradisionalisme is die dooie geloof van die lewendes."

As ons van 'n lewende tradisie praat, is daar ook sprake van 'n dinamika wat op 'n sekere kwesbaarheid dui. In ons oorlewering en ontvangs van die tradisie is daar altyd die moontlikheid dat ons dit juis kan verraai. Tog is dit alleen wanneer ons, weliswaar in gesprek met die tradisie, die risiko loop van vars verwoording en nuwe vormgewing dat ons getrou kan wees aan dit wat tot die hart van 'n tradisie behoort.

Dit hou in dat eerlike gesprek, en selfs botsing, oor wat tot die wese van 'n tradisie behoort eintlik deel van die lewensbloed van 'n tradisie uitmaak. Só bevestig ons dat ons identiteit te make het met wie ons in die lig van ons erfenis kan word.

Die fokus op 'n lewende tradisie vra daarom ook vir dinamiese en organiese rituele en taal. Soos die Oxfordse historikus Diarmaid MacCulloch in sy boek *A History of Christianity* uitwys: "Self-styled 'Traditionalists' often forget that the nature of tradition is not that of a humanly manufactured mechanical or architectural structure with a constant outline and form, but rather that of a plant, pulsing with life and continually changing shape while keeping the same ultimate identity."

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/geestelike-waardes-tradisie-wie-se-tradisie-praat-ons-dan-van-20210925

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877